



Ondersteuning van informele leer by die huis

*'n Gids vir ouers en sorggewers van
jong kinders*



Geskryf deur: Brigid Comrie

**Wordworks**
Changing lives through literacy

Inhoud

- 1 Taal
- 2 Luister en praat
- 3 Vertel jou eie stories
- 4 Stories en boeke
- 5 Teken en begin skryf
- 6 Maak jou eie klein boekies
- 7 Teks rondom jou
- 8 Letters en woorde
- 9 Rympies en liedjies
- 10 Luisterspeletjies
- 11 Goeie gehoor
- 12 Wiskunde is pret – die wêreld is ons klaskamer
- 13 Liefdevolle vertrouensverhoudings

1 Taal

Kom ons gesels saam! Ons weet dat taal- en kommunikasievaardighede die basis vir verdere leer is. Jong kinders kan oor die algemeen meer as een taal genotvol aanleer. In die vroeë jare behoort kinders verkieslik in hul moedertaal te leer lees en skryf. Help jou kind om 'n goeie luisteraar en 'n vrymoedige spreker te wees.

2 Luister en praat

Kinders leer 'n taal tuis en in hul gemeenskap aan. Hulle leer deur te luister, te praat en met ander te speel. Vrae help kinders om meer te leer. Moedig jou kind aan om te praat en vrae te vra. Wys dat jy belangstel deur te luister en te antwoord.



Gesels oor dinge wat julle rondom julle sien – in die taxi, in die winkels en in prente of tydskrifte. Foute maak is deel van die leerproses. Moenie jou kind heeltyd korrigeer nie. Hulle leer oor die algemeen deur na jou te luister.

Gesels ook oor gevoelens: "Ek voel want"



Gelukkig



Eensaam



Kwaad



Hartseer

3

Vertel jou eie stories

Vertel stories en luister na mekaar. Kinders geniet dit baie om positiewe of snaakse stories oor hul families te hoor. Hierdie stories kan oor jou eie kinderdae gaan of oor jou kinders toe hulle nog baie klein was. Moedig jou kind aan om jou te kom vertel oor spesiale uitstappies, dinge wat hy/sy gedoen het, asook dit wat hom/haar gelukkig maak. Hierdie stories kan die begin van jou kind se eerste boekie wees.



Vertel alledaagse stories saam: Praat oor wat jy nog gaan doen 'toekomstige tyd' OF wat jy klaar gedoen het 'verlede tyd'. Hierdie eenvoudige 'stories' is die maklikste en natuurlikste manier waarop kinders 'n taal aanleer en sodoende ook goeie storievertellers word.





4 Stories en boeke

Kinders hou daarvan om na boeke te kyk, na stories te luister en daaroor te gesels, en hulle eie stories te vertel. Boeke help kinders om allerhande dinge te leer. Deur saam te lees en daaroor te praat, leer die kinders:

- om te luister en te konsentreer
- nuwe woorde en meer omtrent taal
- meer omtrent hulself, hulle gevoelens en die wêreld om hulle
- om te dink, byvoorbeeld “Wat sal gebeur as?” of “Wat dink jy gaan nou gebeur?”
- om die besonderhede en die korrekte volgorde van gebeurtenisse in stories te onthou
- om 'n liefde vir boeke en stories te ontwikkel

GEE MY BOEKE,
WANT BOEKE GEE
MY VLERKE!



Laat storietyd elke dag deel van jou roetine wees. Oumas, oupas en ouer broers en susters kan ook stories lees en vertel. Besoek die openbare biblioteek en deel boeke met jou vriende. Vertel van die stories wat jy gelees het en vra vrae.

Interaktiewe storievertelling en -voorlesing is van die belangrikste dinge wat ouers met hul kinders kan doen om hul opvoeding te ondersteun.

5 Teken en begin skryf

Moedig jou kind aan om te teken. Skep geleentheid daarvoor. Gesels oor die getekende prente, MAAR moet dit geensins bespot of kritiseer nie.



Moedig jou kind aan om met skryf te eksperimenteer – “Probeer jy nou!” Kinders leer deur te probeer, te eksperimenteer en te oefen. Kinders moet van kleins af verstaan dat skryf nuttig is en 'n belangrike doel dien. Aanvangskrif mag soos 'n gekrap lyk, maar dit is hoe skrif begin. Bemoedig jou kind en hou aan om saam te skryf.

Jy kan jou kind aanmoedig om die volgende te doen:

- Oor sy/haar ervarings te teken en te skryf
- Opskrifte vir sy/haar prente te maak en spraakborrels by te voeg
- Goed te etiketteer wat aan verskillende mense behoort
- Lyste te skryf, byvoorbeeld 'n inkopielys of 'n lys van sy/haar maats
- Vir kommunikasiedoeleindes te skryf – skryf boodskappe en briefies aan jou kind en geniet die briewe wat hy/sy aan jou skryf




6

Maak jou eie klein boekies

Kinders geniet dit om prente te teken en hul eie boekies te maak. Jy kan begin deur jou kind bloot aan te moedig om 3 of 4 prente te teken. Kram of werk die bladsye met 'n naald en garing vas om 'n klein boekie te maak. Vra jou kind oor die prentjies en lees die sinne saam. Julle kan saamwerk en die kind kan die boekie illustreer en skryf. Die boekies kan oor enige onderwerp handel: My ouma, My familie, Opstaantyd! Kossoorte waarvan ek hou of 'n Alfabet-boek. Kinders hou daarvan om boekies te maak oor stories wat hulle gehoor het.

Maak boekies in jou moedertaal/huistaal en ook in die onderrigtaal van die skool as dit verskil. Sê vir die kind om te onthou dat die boekies 'n titel, 'n skrywer en bladsynommers moet kry. Spraakborrels kan ook gebruik word.



7 Teks rondom jou

Kinders hou daarvan om gedrukte teks in hul omgewing te lees. Jy kan die verskillende woorde vir jou kind uitwys, byvoorbeeld: padtekens soos STOP; die verpakking van enige voedselprodukte soos MELK of VIS; die name van winkels of motorhawens; koerante of strooibiljette.



Speel woordspeletjies saam en hou strooibiljette en leë voedselhouers eenkant om winkel-winkel met jou kind te speel.

Voordat jy winkel toe gaan, moedig eers jou kind aan om 'n inkopielys te skryf en te teken. Moet jou voorlopig nie aan spelling steur nie!



8

Letters and woorde

Kinders leer baie omtrent woorde en letters terwyl hulle speel. Julle kan saam jou kind se naam in die sand skryf. So kan jou kind sien en voel oor hoe die letters gevorm word. Julle kan woorde met boontjies, vuurhoutjies of klei vorm.



Maak gebruik van koerante en tydskrifte vir woordspeletjies. Byvoorbeeld: Kies 'n letter of 'n woord en kyk hoeveel daarvan die kind op die bladsy kan vind. Trek dan 'n sirkel om die letter of die woord. Kies enige letter op jou alfabetkaart en soek voorwerpe of knip prente uit wat met daardie letter begin.

9

Rympies en liedjies

Sing en sê jul geliefkoosde rympies en liedjies saam op. Deel dit met julle vriende en familie. Julle kan ook saam rympie- en liedjieboekies maak. Rympies help kinders om te spel deur dit vir hulle makliker te maak om later op skool 'woordfamilies' te bou.





Luisterspeletjies

Vra jou kind om toe-oë te sit en na verskillende geluide te luister. Vra jou kind watter geluide hy/sy gehoor het. Het die geluide naby of ver geklink? Was dit harde of sagte geluide? Wat het die geluide veroorsaak?

Speletjies met klanke in woorde:

- Kies 'n letterklank en kyk aan hoeveel woorde jy kan dink wat met daardie letterklank begin.
- Kies 'n letterklank en 'n tema soos byvoorbeeld: kossoorte/seuns- en dogtersname. Aan hoeveel woorde kan jy dink wat met daardie letterklank begin?
- Speel saam blikspaai: Een persoon begin deur iets in die vertrek of in 'n prentjie te kies. Die ander spelers moet raai wat dit is. Die enigste leidraad is die eerste letterklank van die woord. Jy moet die klank van die eerste letter van die woord sê. Jy kan ook die letter op die alfabetkaart uitwys.
- Klap vir elke lettergreep van 'n woord, byvoorbeeld: aart-ap-pel. Begin deur die name van al die lede van die gesin te klap, bv. Za-ne-le, Ash-raf, Pie-ter.



Goeie gehoor

Soos jy weet, is goeie gehoor uiters belangrik vir die leerproses. Wees waaksaam – as jy vermoed dat jou kind nie goed kan hoor nie, moet jy sy/haar gehoor by jou plaaslike kliniek laat toets. (Vra asseblief die verpleegster of dokter vir 'n verslag sodat jy die onderwyser(es) kan inlig.)



Wiskunde is pret – die wêreld is ons klaskamer

a. **Syfers – ken die volgorde van syfername:**


Tel eers maklik van 1 tot 5 (byvoorbeeld: tel die vingers op jou een hand) en daarna tot 10 en verder. Sing getallemiddies en -rympies saam. Klap hande, marsjeer en dans. Wees op die uitkyk vir getalle rondom julle, byvoorbeeld: huisnommers, motorplaatnommers, telefoonnommers, selfoonnommers en getalle op muntstukke.

b. **Wat ons met syfers DOEN; gebruik van syfers en syfername; verband tussen syfers en aantal voorwerpe:**
Tel alledaagse voorwerpe, eers tot 10, dan tot 30 en verder; let op na jou kind se begrip van syfers en syferwoorde, byvoorbeeld: Daar is 6 van ons, kan jy 6 lepels uittel?; Verdeel hierdie 12 lekkers gelykop tussen julle 4 – hoeveel sal elkeen van julle kry?; Halveer – sny 'n appel in die helfte; vou 'n tafeldoek in die helfte; wys die helfte van die lekkers. Wanneer jy inkopies gaan doen, vra jou kind om jou te help. Tuis kan julle winkel-winkel speel met speelgeld en inkopielyste.



c. **Speel saam:**

Speel dobbelsteenspeletjies tesame en skep ook jou eie speletjies. Pas die speletjies vir verskillende ouderdomsgroepe aan deur dit byvoorbeeld meer uitdagend vir die ouer kind te maak. Speel vir die PRET saam, nie vir kompetisie nie.



d. Probleemoplossing:

Moedig jou kind aan om alledaagse probleme te help oplos deur logiese oplossings te probeer vind. Byvoorbeeld: "Daar is 6 van ons en ek het net 3 appels. Hoe sal ons dit gelykop kan verdeel?"



"Ek gaan winkel toe om melk te koop. Dit kos R5.00, maar ek het net R3.00. Hoeveel geld het ek nog nodig?"

e. Raming:

Moedig kinders aan om te dink en logiese antwoorde op eenvoudige probleme of vrae te soek. "Ek wonder hoeveel aartappels is daar in hierdie sak? Wat dink jy? Kom ons kyk."

f. Pas, sorteer, soek vir patrone en gesels meer oor kleure:

Begin deur patrone in die natuur te ontdek, byvoorbeeld op skulpe of blare. Gesels oor die ooreenkomste en verskille. Kinders kan tuis begin om goed te sorteer, byvoorbeeld wasgoed, knope, spykers en skroewe, en oor die ooreenkomste en verskille gesels.

Hierdie aktiwiteite help die kinders om meer OP TE LET. Dit vorm boustene vir wiskunde en wetenskap en dit help met vroeë lees en skryf.



g. Legkaarte – maak jou eie eenvoudige legkaarte:

Knip 'n prent uit en plak dit op stywe karton. Trek dit met deursigtige plastiek oor indien moontlik. Sny die prent dan in 4 of 6 dele op om 'n legkaart te vorm.



h. Verstaan en gesels oor meting:

Meet saam by die huis. Byvoorbeeld: meet die lengte van familielede; gebruik aanvanklik jou of die kind se hand en later 'n liniaal. Maak saam kos en meet hoeveel van die verskillende bestanddele julle gebruik. Doen verspring en meet hoe ver julle gespring het. Gesels oor 'langer' en 'korter'. Meet die gesin se skoene en rangskik dit in 'n ry van die kleinste tot die grootste.



Maak die deeg 'n bietjie dunner. As dit té dik is, sal die koekies nie behoorlik bak nie. As dit weer té dun is, sal die koekies maklik breek.

Is dit nou reg, Mamma?



i. Kennis van ruimte en vorm:

Praat oor bokse en balle – hoe verskil dit van mekaar? Ja, 'n boks het hoeke, maar 'n bal het geen hoeke nie. Hoekom kan ons die bal rol? (Want die bal het geen hoeke nie - dit is rond! 'n Boks het hoeke - dit is 'n kubus.) Gesels nou oor die kant van die boks - watter vorm is dit? Die vorm kan vierkantig of reghoekig wees. Soek vir vierkantige en reghoekige voorwerpe in die vertrek. Soek dan vir sirkels en driehoeke. Vra voortdurend vrae soos: Watter een is die grootste/kleinste? Hoeveel hoeke het 'n driehoek? Soek voorbeelde van kossoorte in die vorm van 'n driehoek: toebroodjies, samoosas of verskillende lekkers. Julle kan saam vorms uitknip en 'n prent daarvan maak. Bou torings en 'kastele' met behulp van houtblokke of afvalhout.





DIT KOS
NET 'N PAAR
MINUTE OM
'N GROOT
VERSKIL TE
MAAK!





Spesiale dank aan die onderwysers, skoolhoofde, ouers en sorggewers van al die skole wat aan hierdie program deelgeneem het en dit gehelp het om te groei.

Hierdie werk sou nie sonder die ruimhartige steun van die DG Murray Trust moontlik gewees het nie.

*Illustrasies deur: Helga Hoveka
Vertalings deur: Masihlangane Communications,
Xoli Guzula en Magdel Janse van Rensburg
Ontwerp deur: Jacqui Botha en Orli Setton*